

Sondag 6 Augustus

Skrifgedeelte: Eksodus 12:41-51

Fokusgedeelte: Eksodus 12:43

Die voorregte van God se verbond is vir gelowiges bedoel

Die Here sê in vers 43 dat geen nie-Israeliet (letterlik: buitestander) van die Paasfees (Pasga) mag eet nie. Beteken dit dat die Paasfees net vir gebore Israeliete bedoel is? Nee, mense van ander volke kan ook die Paasfees vier, maar dan moet hulle eers deel word van God se verbondsvolk.

Ons lees in verse 44 tot 49 dat nie-Israelitiese slawe, bywoners, huurlinge en vreemdelinge eers besny moet word as hulle die Paasfees wil vier. In die tyd van die Ou Testament was die besnydenis die teken van God se verbond (vgl. Gen. 17:9-14). Buitestanders (nie-gelowiges) moet dus eers God se verbond aanvaar en die besnydenis as teken ontvang voordat hulle die voorreg kan hê om die Paasfees te vier.

In die Nuwe Testament het die doop in die plek van die besnydenis gekom (vgl. Kol. 2:11, 12). Wanneer ons die doop as verbondsteken ontvang, word ons by God se verbond ingelyf, en wanneer ons God se verbondsbeloftes gelowig aanvaar, het ons deel aan al die voorregte van sy verbond.

Een van hierdie wonderlike voorregte is die Nagmaal wat Jesus in die plek van die Paasfees ingestel het. Jesus is die volmaakte Paaslam wat vir ons sondes geslag is. Die Nagmaal herinner ons aan Jesus se volmaakte verlos-singswerk en dit verseker ons van die ewige lewe wat ons saam met Hom het.

Dink vandag aan die wonderlike voorreg wat ons het om die Nagmaal te kan vier, asook al die ander voorregte wat God ons gee omdat Hy ons deel maak van sy verbond!

Sing: Psalm 118:1, 7 (1936)

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)